

**17 Julie**

**Skrifgedeelte: Job 34-35**  
**Fokusgedeelte: Job 34:1-37**

### **Uit vrye guns alleen**

Net soos vir Job se drie vriende is God vir Elihu aanvanklik ook nodig ter wille van die orde in die samelewing. God “wil nie dat ‘n godlose oor mense regeer en hulle ondergang bewerk nie” (34:30). Daarom móét daar vergelding wees. Maar wat gebeur as ‘n godlose sy skuld voor God bely en onderneem om nie weer die verkeerde te doen nie? “Sal God jou dan nog straf omdat jy Hom geminag het?” (34:33.) Dan is daar mos genade vir so ‘n berouvolle hart.

Dit is die nuwe insig van Elihu. Dit is ‘n bevrydende waarheid. God is groter as sy eie morele orde. Elihu het ‘n veel groter besef van God se vrye barmhartigheid as die drie vriende.

Elihu se antwoord hef God uit die kleinlike “waarom-daarom-berekening” van die drie vriende uit. Dit is ‘n stap vooruit. Tog maak hý weer van God so ‘n abstrakte, verre God – asof niks wat ons doen Hom raak nie (35:6).

Al is God hoog verhewe, woon Hy tog by die mens wat verdruk en nederig is (Jes 57:14,15). Ons bely: God is oneindig, maar oneindig juis in sy liefde – die liefde wat in Christus Jesus geopenbaar is. Dit is dié liefde wat alle verstand te bowe gaan ... maar juis só ‘n liefde waarvoor gebid word dat ons dit mag kén! (Ef 3: 18,19.)

*Sing: Psalm 89:7*

*Dr PP Kruger (Meyerspark)*